
# 129 Geseënde Jesus, o Heer van my hart



Geseënde Jesus, u priesterlik bloed,
wis uit elke smet van my sondig' gemoed;
God wil slegs wat rein is; wil my dan genees,
O, was my, en reiner as sneeu sal ek wees.

***R.*** *Reiner as sneeu, ja, reiner as sneeu.*
*O, was my, en reiner as sneeu sal ek wees.*

Geseënde Jesus, o hoor hoe ek pleit,
huiwer nie, maar skep nou 'n rein hart in my!
U wys ons nooit af nie, hoe kan ons dan vrees?
O, was my, en reiner as sneeu sal ek wees. ***R.***

Geseënde Jesus, op wie ek vertrou,
ek wag aan u voete, slegs U kan behou!
U bloed is my anker, my steun in my vrees;
o, was my, en reiner as sneeu sal ek wees. ***R.***

Nou glo ek ten volle en verheug my in God,
ek rus in sy liefde, hoe salig my lot!
My Jesus verlos my van twyfel en vrees,
Hy was my en reiner as sneeu sal ek wees. ***R.***

Onbekend W.G. Fischer (1835-1912)